# *tippet 100*

**Dis nou net vrolikheid en feesvier waar jy kyk.**

**Een van my *tippet*-oortuigings is dat die roeping waarmee ons leef, ook veronderstel is om vir ons vreugde te gee.**

**Dis die vreugde van "ek is besig met wat die Here vir my in gedagte het." Dis die vreugde van 'n wete dat ek groei om die mens te word wat ek bedoel is om te wees. Dis die vreugde daarvan om op koers te wees.**

**Hierdie vreugde kom nie net in vakansietyd nie. Dis nie partytjie-vreugde nie. Dis diep oortuigings gebore uit 'n pad saam met die Here.**

**Mooi loop.**

***Francois Retief***
***10 Desember 2018***